Kix-pirasie

Jesus het die beskikbare voorwerpe in Sy omgewing as voorbeelde gebruik om sy volgelinge oor die koninkryk van die hemel te leer. Soms het Hy dit vergelyk in ’n storie oor konings en seuns, ander kere met ’n wingerd, suurdeeg of selfs ‘n mosterdsaad. Die mosterdstruik was eintlik ’n pes in Israel, ’n onkruid wat mense uitgeroei het. Dit gee ons ook die voorreg om na alles om ons te kyk en dit te vergelyk met die koninkryk. Die voorbeelde om ons is legio, want God is om ons en raak deel van ons werklikheid in elke fyn detail.

Vandag wil ek dus die vryheid gebruik en die evangelie vergelyk met ’n strooitjie.

Die strooitjie het een groot doel. Dis om iets van een punt na ’n ander punt te vervoer. Dit kan gas, vloeistof of vaste stof wees.

Die snorkels wat duikers gebruik, is ‘n voorbeeld. Eintlik is die snorkel ‘n vorm van strooitjie waardeur lug moet beweeg. Dié “strooitjie” gee genoeg lug deur sodat die duiker onder water kan asemhaal.

Julle ken mos die pakkies “sherbet” wat jy by ’n basaar kry. Dis ’n vaste stof in poeiervorm wat deur ‘n strooitjie gesuig word.

In die meeste gevalle dink ons aan vloeistof wanneer ons van strooitjies praat. *Ek raak partymaal so kwaad vir die dik strooitjies by die wegneemete plekke… voor jy jou kom kry, is jou koeldrank op*!

Die werk van ’n strooitjie is die deurgee van iets van een plek na ’n ander, veral as dit moeilik is om op ’n spesifieke plek by te kom.

Of die strooitjie ’n goeie werk of ’n slegte werk doen, word bepaal deur dit waarin die strooitjie gedruk word en waarheen die strooitjie daardie stof vat. Neem byvoorbeeld ‘n strooitjie waarvan die een punt in die poeier van fyngemaakte dwelms is en die ander punt in die neus van ‘n verslaafde. Dan is dit ’n baie slegte strooitjie. Of as die strooitjie vir die soveelste keer in gaskoeldrank gedruk word en aan die anderkant is die kind wat erg oorgewig is en ook nog met diabetes sukkel. Tog kon dieselfde strooitjie net so goed gewerk het as dit in ‘n glas water gedruk is om aan ‘n pasiënt wat so dors is dat sy lippe bars en sy tong aan sy verhemelte vas-sit, water te gee.



Alles hang dus af waarin jy die strooitjie druk en waarheen jy die stof gelei.

Ons is die strooitjies van die lewe. Ons gee aan ander mense dinge deur. Wat ons aan hulle deurgee, kan vir hulle goed of sleg wees. Dit kan hulle aanmoedig of verlam. Dit bou of breek. Ons moet dus besluit wat dit is wat ons deurgee. Dit word bepaal deur waarin ons onsself “druk”, m.a.w. waaraan stel ons onsself bloot? Efesiërs 5:12 sê dis ’n sonde om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen.

Los die slegte goed, stories, beelde, boeke en websites. “Druk” jou (“strooitjie”) in by God, die Bybel en die mooi van die lewe. Kolosense 3:2 sê: “Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is.” In Fillipense 4:8 staan daar: “Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is — watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees — daarop moet julle julle gedagtes rig.”